**Pieter Gouws***

Wêreldvoedseldag word jaarliks op 16 Oktober gevier om te beklemtoon hoekom dit belangrik is om honger wêreldwyd te beëindig en te verseker mense het toegang tot veilige en gesonde voedsel. In hierdie artikel wil ek graag fokus op voedselveiligheid en daarop wys dat elkeen ʼn rol het in die verband.

Almal het ʼn rol om te speel, van die plaas tot op die tafel, om te verseker dat die voedsel wat ons verbruik, veilig is en nie ons gesondheid sal benadeel nie.

Voedselveiligheid is ʼn wesentlike openbare gesondheidskwessie wat almal raak. Die moontlike bedreiging wat siektes in voedsel vir openbare gesondheid inhou, neem toe namate verstedeliking en die wêreldwye verspreiding van voedsel uitbrei. ʼn Mislukte voedselveiligheidsbeleid hou duur gevolge in, en beïnvloed nie net openbare gesondheid nie, maar ook voedselprodusente en die ekonomie. Die bepaling van die veiligheid van ons voedsel het ʼn paradigmaskuif na ontledingsmetodes wat op risiko gegrond is, tot gevolg gehad. Die bepaling en bestuur van sulke risiko's moet wetenskaplik geëvalueer word, wat insette van verskeie kundiges verg. Wetenskapgebaseerde voedselbeheermaatreëls is noodsaaklik vir die beskerming van voedselprodukte.

Elkeen in Suid-Afrika het die reg tot veilige, voedsame en genoeg voedsel. Gedurende die COVID-19-staat van inperking het baie mense siek geword nadat hulle onveilige of besmette voedsel geëet het. As voedsel nie veilig is nie, kan kinders nie leer nie, volwassenes kan nie werk nie en die ekonomie ly daaronder. Veilige voedsel is uiters noodsaaklik om gesondheid te bevorder en hongersnood te beëindig. Dit is ook twee van die 17 doelwitte van die 2030 Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling. Sonder voedselveiligheid kan daar nie voedselsekerheid wees nie.

Die wêreld se voedseltoevoerketting het meer ingewikkeld geraak en enige voedselveiligheidvoorval soos die uitbreking van Listeriose in Suid-Afrika ʼn paar jaar gelede het ʼn negatiewe uitwerking op handel, die ekonomie en openbare gesondheid gehad. In Suid-Afrika word voedselveiligheid as vanselfsprekend aanvaar, maar daar word nie baie daaroor gepraat totdat jy voedselvergiftiging opdoen nie. Onveilige voedsel bevat skadelike bakterieë, virusse, parasiete of skadelike chemikalieë.

Ons moet hierdie geleentheid op Wêreld-Voedseldag gebruik om die belangrikheid van voedselveiligheid te beklemtoon en ons moet verseker dat die voedsel wat ons eet, wel veilig is. Enigiemand wat voedsel voorberei, verkoop of verbou speel ʼn rol. Gedurende die huidige COVID-19-pandemie moet ons nie ons fokus verskuif van die veilige voedsel wat ons eet nie. Wêreldwye voedselproduksie en die toevoerketting word erg deur die pandemie geraak en tesame met klimaatsverandering moet ons almal in die toekoms voedselveiligheid in ag neem.

Elkeen in die voedselstelsel het ʼn rol om te speel. Regerings speel ʼn baie belangrike rol om te verseker dat ons almal veilige en voedsame voedsel het om te eet. Boerderypraktyke moet ʼn genoegsame aanbod van veilige voedsel verseker terwyl hulle terselfdertyd ook klimaatsverandering in ag neem en verseker dat hul praktyke se uitwerking op die omgewing tot die minimum beperk word in die toekoms. Die voedselbedryf moet verseker dat hulle aan die vereistes van programme soos HACCP (*Hazard Analysis and Critical Control Points*), voldoen. HACCP is ʼn stelsel wat risiko's uitwys, evalueer en beheer en is belangrik vir voedselveiligheid vanaf produksie tot finale verbruik. Gegewe die ingewikkeldheid van voedselveiligheid, moet verbruikers toegang hê tot duidelike en betroubare inligting oor die voedings- en siekterisiko's wat met hulle voedselkeuses geassosieer word.

Ek kan dit nie genoeg beklemtoon nie: voedselveiligheid is ʼn gedeelde verantwoordelikheid en ons moet saamwerk aan wêreldwye, streeks- en plaaslike kwessies. Samewerking is op verskeie vlakke nodig.

ʼn Belangrike area van samewerking is die gesonde skakeling tussen akademici en beleidmakers  wat noodsaaklik is vir ingeligte beleidsformulering van wêreldgehalte wat op bewyse gegrond is. Die vermoë om te bewys dat streng akademiese navorsing die besluite oor regeringsbeleid beïnvloed het, sal hoog geag word in die beoordeling van die impak daarvan op die samelewing en die ekonomie. Akademiese navorsing kan die samelewing bevoordeel deur die gebruik van kragtige en inklusiewe taal in bondige, goed ontwerpte inligtingsessies wat met nie-spesialiste gedeel kan word. Dit is ʼn sleutelvaardigheid, maar steunwerwing vir beleidsverandering strek verder as dit. Dit vereis geduld, volharding en die ontwikkeling van langtermynverhoudings, gebou op vertroue en respek, met diegene wat ʼn invloed op die betrokke beleidsgebied het. Navorsers moet self hierdie verandering maak, veral in die manier waarop hulle hul navorsingsbevindinge aan die beleidspubliek oordra. Staatsamptenare skiet ook soms tekort aan kundigheid op hul gebied en daarom moet akademici van die begin af regeringsadviseurs ondersteun en betrek.

Die Sentrum vir Voedselveiligheid (CFS), wat in die Fakulteit AgriWetenskappe en meer spesifiek in die departement Voedselwetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch gesetel is, is ʼn eiesoortige toegepaste voedselwetenskaplike navorsingkonsortium wat uit die US en die voedselbedryf bestaan. In samewerking bied hulle aan belanghebbendes die geleentheid om kennis, ervaring en kundigheid op die gebied van voedselveiligheid, voedselverdediging en voedselverwerking te ontwikkel en uit te ruil.

Die Suid-Afrikaanse voedselbedryf baat baie by die CFS se gesamentlike navorsingsprogram. Dit word bereik deur 'n multidissiplinêre benadering, werkswinkels, netwerke, bedryfsgedrewe konsortiums, seminare en verbruikersopvoeding. Die CFS sal internasionaal relevante navorsing en opleiding van hoë gehalte in alle aspekte van voedselveiligheid bied. Dit ondersteun en moedig nasionale en internasionale navorsingsvennootskappe en alliansies met ander entiteite aan.

Die sentrum belê daarin om die publiek op te voed en in te lig oor voedselveiligheid as ʼn belangrike manier om siektes wat deur voedsel oorgedra word, te verminder. Tradisioneel het opvoeders ʼn wêreldbenadering tot voedselveiligheidsopvoeding gevolg deur ʼn wye verskeidenheid tipes van veilige voedselhanteringsgedrag te gebruik in die verwagting dat dit tot die vermyding van siektes wat deur voedsel oorgedra word, sal lei.

Opvoeding oor voedselveiligheid is die doeltreffendste wanneer boodskappe gerig word op die verandering van gedrag wat waarskynlik leie tot siektes wat deur voedsel oorgedra word. Op Wêreldvoedseldag en daarna kan ons nie bekostig om slap te lê nie, want as ons dit wel doen sal die mikrobes in onveilge voedsel die laaste sê hê.

***Prof Pieter Gouws is die direkteur van die Sentrum vir Voedselveiligheid aan die Universiteit Stellenbosch.**